

Skriflesing: Genesis 29:31-30:8; Genesis 49:1-17; Rigters 13:1-5; 24-25

Teks: **Genesis 49:16-17**

Sing: Ps. 146:1,6; Ps. 9:1,5,9; Ps. 84:5,6; Ps. 31:1,19

Broeder en suster- Ons vat vanoggend die reeks rondom die kinders van Jakob weer 'n entjie vêrder. Jakob wat kind ná kind van hom seën. Soos hy met die een ná die ander kind praat, is dit 'n 147 jarige vader wat in liefde na elke kind van hom kyk. En tog is dit 'n vader wat ook in waarheid elke kind se lewe oopvou. Liefde is daar, maar die waarheid moet die liefde omhels, dan eers is dit werklik liefde.

Ons kom by Dan. Soos met Issaskar die geval was, staan ons wêér tussen die twee vrouens - Ragel, Lea. Twee vroue wat wedywer om Jakob se liefde. Dit maak beide vroue seer. 'n Seer waaruit Dan gebore sou word en dit sou in sy lewe en in die van die nageslag heeltyd met hulle saambly en saampraat.

Die geskiedenis neem ons terug waar Ragel nie meer kan wag nie. Sy is bang, sy is jaloers, sy is desperaat, want Lea het alreeds vir Jakob vier seuns in die lewe gebring, Ragel nog nie een nie. En as die wolk van kinderloosheid te dig om Ragel begin saampak, dan raak sy in haar verwagtinge ook onredelik. Hoe sê sy vir Jakob – *Gee vir my seuns, anders sterf ek*. Jakob verweer homself met die vraag- *Is ek dan in die plek van God...?* En dan kom Dan, as een wat in skyn Ragel s'n is, maar in werklikheid is hy nie.

Die mooie Ragel, maar kinderlose Ragel maak haar eie plan, waarin sy meen sy het reg, sy wil haarself so graag regverdig. Sy gee Bilha, haar slavin, aan Jakob. So word Dan by 'n surrogaatma verwek. Dit sou lyk hierdie is Ragel se kind. Uit Bilha word die kind op die skoot van Ragel gebore. Hiermee wil Ragel sê, die kind is myne, maar hy is dit nie. Dit word die spel van om voor te gee en tog die werklike feite praat nie saam nie. In Dan se naam is daar 'n verdere poging om dit te wil goedpraat, om die onwettigheid te bedek.

Ragel noem hom by die naam- Dan... Dan wat beteken hy is regter, of rigter. Met die naam wil sy dan sê dat God het reg spreek en hy het aan my reg verskaf. In dit wat nie reg is nie, wil sy in die naam van God maak asof God die regter in haar guns is. En God sou dit alles behalwe wou doen. Ragel is eintlik besig om in die Naam van die Here te lieg. Daar kan nie sprake van wees dat God aan haar reg verskaf het nie. Sy het haar eie sogenaamde reg uitgedink. Dit is ook nie waar dat die Here haar verhoor en aan haar 'n seun geskenk het nie. Nêrens lees ons dat sy eers gebid het vir die geboorte vna die kind nie. En na regte mag dit

nie sy wees wat hierdie kind benoem nie. Wat aan die kind sy naam mag gee nie. Die feit is dit is nie haar kind nie, dit is Jakob en Bilha se kind!

As ons Jakob op sy sterfbed oor Dan hoor praat dan sien Hy Dan as een van die kleiner stamme. Dan was 'n klein stammetjie, maar permantig en in baie opsigte eiegeregig. Jakob begin deur te sê: *Dan sal aan sy volk reg verskaf net soos enigeeen van die stamme van Israel.* Dit klink mooi maar die reg kom dikwels langs paaie wat nie mooi is nie. Ja, al is Dan uit 'n slavin gebore, moet almal weet Jakob sien hom nie as buite die verbond nie. In ons terme – hy bly binne die kerkverband van Israel, hy mag 'n selfstandige gemeente wees. Jakob sê dit pertinent hy is soos enigeeen van die stamme van Israel. Niemand het die reg om op hom neer te kyk, hom uit te druk nie.

Tog is hier 'n stuk ironie vervat. Dan het deur sy eie ongehoorsaamheid hom laat uitdruk. Rigters 1:34- hoe hierdie stam die berge ingedruk was- *En die Amoriete het die kinders van Dan die gebergte in gedruk, want hulle het hul nie toegelaat om na die laagte af te kom nie.* Die reg wat God aan Dan gee word daar misbruik van gemaak. By Dan slaan die groter onreg later nog sterker deur. U kan Rigters 18 lees, hoe die Daniete vredeliewende, onskuldige vêrafgeleë mense, met die gruwelikste onreg van hulle landsgebied beroof het en dan nog die Miga-afgodsbeeldjies en selfs 'n Levitiese priester saamneem om hulle eie gruwelike onreg verder te vat. Op gemene wyse het die nageslag van Dan hulleself die plek toegeëien. Hulle kom dan weer soos Ragel van ouds in skyn van godsdiens om hulle eie reg te wil vestig. Hulle noem hierdie dorpie Dan, so asof ons kan maar die plek benoem. In ons tyd ons mag maar strate benoem soos ons glo reg is... Die Daniete gaan nog verder hulle stel 'n priester aan met die skynheiligheid van ons gaan ons godsdiens hier reg beoefen. Terwyl hulle hele koms na Dan nie reg was nie. Dit daargelaat...

Maar wat Jakob gesê het, is nie sarkasme wat net mooi die teenoorgestelde uitwerking gehad het nie. God het dit sekerlik ernstig bedoel as hy deur Jakob oor Dan profeteer dat Dan sal aan sy volk reg verskaf. Dan se opdrag is eintlik groot. Hy moet een wees, wat God Sy reg gee en wat die reg van die volk moes handhaaf. En waar ons verder kan sien wat in die geslag van Dan gebeur, dan het God werklik besondere dinge laat gebeur.

As Moses in Exodus die opdrag tot tempelbou kan uitvoer, dan is daar een man uit die geslag van Dan wat die grootste deel van die werk gedoen het. Ons lees van hierdie vakman,

Oholiab in Exodus 35, dat die Here vir hom die vaardigheid gegee het om die werk van 'n vakman te verrig. Daar was pragtige kunstenaarstalent aan die werk. Hy was besonders begaafd, ook om te borduur en te weef en dinge te ontwerp.

En sou ons die lyn van die Dan-geslag nog dieper in die regte afgaan, dan kom ons seker by van die bekendste nakomelinge uit die stam van Dan. Die man met die naam Simson kom ook uit hierdie stam. Ons ken almal vir Simson. Jakob het van Dan geprofeteer nie net hoe hy met reg sou handel nie, maar Jakob sê: *17 Laat Dan 'n slang wees op die weg, 'n horingslang op die pad, wat die perd aan die hakskeene byt, sodat sy ruiter agteroorval.*

'n Horingslang is in Palestina van die kleiner slangsoorte, maar besonder giftig. Sy byt is dodelik, veral as hy 'n perd aan die hakskeen kon gryp. Dit sou Dan werklik wees. Die lewe van Simson gee werklik iets van hierdie slange beeld. Simson het 'n hele klomp Filistyne doodgemaak, juis toe hy onder was. 'n Slang is 'n dier wat van onder kom, hy seil op die grond, van omlaag pik hy boontoe. Simson het van omlaag boontoe gewerk, die boonste deel laat val, deur van onder te pik, die pilare omgestoot en die ruiter het agteroorgeval, die gebou het geval, klomp Filistyne is gedood. Simson pik soos 'n slang van onder af.

Die klein slangetjie, die horingsman op die grootpad, hy lyk klein, maar so gevaarlik. Sy ratsheid, sy vinnigheid, sy onverwagsheid bly in die oog, saam met hulle verkeerdheid. Talle lewens grepe van Simson wys hierdie dinge. Hy het reg maar hy kan ook só onregverdig wees, so verkeerd wees in die uitoefening van reg. Simson was 'n Nasireër wat nie aan 'n onrein dier soos 'n leeu moes raak nie, maar Simson ruk 'n leeu oop leeu om later weer aan die dooie karkas van die leeu te vat om daar heuning uit te haal. Hier hoor ons ook Moses se profesie oor Dan in Deut. 33:2- daar sien Moses iets wat Jakob nie kon sê. Moses sê van Dan – *Dan is 'n jong leeu wat uit Basan uitspring* (Deut. 33:22).

In die sin is Simson die jong leeu wat 'n werklike leeu kon bespring. In 'n sekere sin was Simson briljant, hy staan man alleen teen Israel se grootste vyande van daardie tyd, die Filistyne. Met 'n kakebeen van 'n donkie (wéér vat hy aan iets van 'n dooie diere) met hierdie donkie been word mense afgemaai. Simson kom met moeilike raaisels, 'n man van slim planne, fyn oorleg en soos van sy voorouer Oholiab, het hy ook iets van 'n kunstenaar hart

en kunstenaarshand gehad. Die kuns van om so baie jakkalse se sterte aanmekaar te kon knoop en vleg om hulle dan brandende die Filistyne se graanlande in te jaag.

By Simson, wat Jakob deel sou maak van hom wat moet reg verskaf, kom ons agter hy het dit wel in hom gehad. Die Gees van God het hom daarmee toegerus. Dit was nie net sy krag nie, maar hy kon byvoorbeeld die Filistynse onreg met werklike reg vergeld, reg wat diep sou inwerk. Hy sou aan die einde van sy lewe, die reg aan sy eie twee oë wat hom ontnem is, op sy vyande wreek, deur die pilare om te stoot. Van onder te pik...

Simson was baie keer met reg ontevrede, maar in sy reg dan kom hy met sulke dwase onreg na vore. Die manne uit die geslag van Dan het die reg, maar dan kom hulle en pas die reg nie toe soos wat God dit verlang nie. Waar die geslag Dan spesifiek vir die regte van God en mense moes staan, is dit asof hulle baie keer hierdie regte die meeste ontken. Kyk ons weer na Simson, hy was baie keer só nalatig, slordig, moedswillig in sy diens, wat regsdiens moes wees. Ja, dit laat alles dadelik weer saamval en terugkom na Ragel se houding. Sy maak asof dit so reg van haar was, om die kind van Bilha so vir haarself te wou kry en te wou toe-eien, dat sy hom selfs 'n naam gee wat sê, alles is reg. Jakob het gesê dat dit is die stam wat juis die reg moet handhaaf, hulle kom met soveel onreg.

En geliefdes, wat Jakob van Dan sê, moet ons in lyn bring met wat Jesus ook 'n keer gesê het. Jesus het gesê dat ons versigtig moet wees soos die slang en opreg soos die duiwe. Weer iets van Jakob, om van 'n slang te praat en tog is Jesus se beeld 'n goed bedoelde slang beeld. 'n Slang kan voorwaar iets goed uitdra, deur net te verstaan wat Jesus sê, dat slang is mos eintlik in baie gevalle kleinerige gediertes en tog kan hulle groot dinge doen. Hulle doen dit versigtig, weldeurdag, berekend.

In Simson het ons dit gesien. Een teen 'n oormag Filistyne, maar wat Jesus bygesê het, dit vorm die groot saak en dit het by Simson heeltemal in gebreke gebly. Jesus se voorbeeld kry positiewe sin en betekenis, deurdat Jesus nie net praat van die versigtigheid van 'n slang nie, maar ook praat Jesus van die opregtheid van 'n duif. As 'n slang, sonder hierdie duiwe houding na ons kom, dan is die slang voorbeeld, die een vol van die gif en boosheid en verskrikking.

Die versigtige slang en die opregte duif moet 'n hemelse kombinasie kan vorm. Die Here kombineer hulle dan is dit werklik hemelse reg wat spreek. Versigtigheid moet altyd gepaard gaan met opregtheid. Opregtheid het op sy beurt weer te doen met ootmoed, ootmoedigheid.

Wanneer versigtigheid en opregtheid vanmekaar geskei word dan is daar verdeeldheid. 'n Verdeelde hart, sal altyd dubbelhartig wees en dubbelhartigheid het net een uitloop en dit is skynheiligheid. Dit is om een ding te doen, terwyl dit lyk of jy die ander ding doen. 'n Mens se eie lewe word dan 'n totale verdeeldheid. Simson wil dit lyk of hy God se reg handhaaf, maar dan is hy eintlik al met 'n ander ding besig – dit is om skynheilig te wees. Ragel het al daarmee begin. Dan gebore, skynbaar Ragel se kind en tog alles net skynheiligheid.

Daar is niks so aaklig, so bitter, soos skynheiligheid nie. Jesus praat van 'n witgepleisterde graf, mooi van buite, maar binne vol doodsbeendere en ongeregtigheid. Die skyn van dié mond wat regspreek, kantiq God se reg handhaaf, maar jou hart neig weg van God af. Van buite die opgee van my gereformeerde Christelike lewe, maar eintlik is dit net skyn. Dit is baie moeilik om altyd agter te kom, wanneer is dit nou skyn, of wanneer is dit werklik duif-opregtheid. Wie skynheilig dinge doen, sal vinnig wees om in 'n ander mens se lewe soos 'n slang te pik en alle versigtigheid is daarmee heen. Ja, een skrywer noem dit geestelike surrogaatskap. Hy was surrogaat gebore en sy nageslag hou hulle besig met skynheiligheid, met geestelike surrogaatskap.

Broeder en suster, om werklik in jou lewe van skynheiligheid ontslae te raak, is daar net een manier. Het u Jakob se manier agtergekome? Die oomblik toe hy met Dan klaar gepraat het, dan is daar 'n gebed – *Op U verlossing wag ek, Here....* Dit is asof Jakob in sy profesie besef, alleen God kan help. Skynheiligheid het nie plek in die hemel nie en as God se reg gehandhaaf moet word, dan moet U red, Here, moenie laat skyn ons oorval nie. As ek skynheilig is, dan is daar eintlik net een wat die hardste geslaan word en dit is ek self. Ek verneuk myself verskriklik.

Dit laat my in twee, verdeeld, ek moet altyd na 'n dubbelganger soek, want my hart is dubbelhartig. Kan een mens werklik volhou en voortbou om te maak asof hy een is, terwyl hy dubbelsinnig twee here dien. Dit bring 'n mens in 'n onmoontlike posisie teenoor God, maar ook teenoor jouself.

Om te wag vir verlossing, is om te wag vir die Een wat gesê het, dat my ja, moet ja wees en my nee, née en wat meer as dit is, is uit die bese. En Jesus het dit nie net vir ons gesê nie, Hy was dit. Sy ja, was voluit ja, sy nee, was volkome née! Nooit het Jesus hierdie skynheilige verdeeldheid oor Homself gebring, van om ja te sê en nee te doen nie.

Kom ons hierin God se reg herstel, ons handhaaf God se reg deur die genade krag van sy Heilige Gees, dat ons vir onself sal kan sê – in die plek van my oormoed, plaas ek ootmoed, in die plek van skyn, plaas ek opregtheid, my ja is nie 'n verdeelde ja en dan is dit eintlik née nie, maar ek is dan 'n ja, ja mens en wanneer dit moet, 'n nee-nee mens. Ek sal waarlik in God se diens 'n versigtige mens wees. My skyn geloof, my skyn diens, moet wegval en mag ek soos die Daniet Oholiab, weet ek is daar om in God se heilige diens, heilige werk te doen. Watter heilige voorwerpe moes die Daniet Oholiab net-nie vir die tempel vervaardig nie.

God is heilig, dien Hom in heiligheid en dit is om met fyn beplanning, en berekening, die dinge so te doen, waar ek weet God dit so wil hê. Dan is ek op die pad van reg en geregtigheid. Ek is op die pad van bekering en gebed en dit kan alleen net gebeur, ook met die gebed – *Op U verlossing, wag ek, Here...* Vra God dat Hy Sy reg in u lewe handhaaf. In kerk, kerkverband en in die koninkryk moet ons in gebed krag en daadkrag, die Heilige Gees met ons wil saamneem. Ons wil die lewenspad so loop, dat Christus in my, Sy reg laat skitter. Laat dit wees dat ander nie van jou en my sê, jy was onregverdig nie.. En dit het alles net één begin. Dit begin met die Heilige Gees in u en my. U sal weet of u werklik ja kan sê, u sal ook weet of is u lewe maar eintlik 'n mismoedige née vir God is, al het ek dit met verdeeldheid, dubbelhartigheid, skynheiligheid, oormoed, vir lank onder die stof kon. Ja Dan, die horingslang, onder die stof van die pad kan hy wegkruip. Pasop as dit dan opstaan en pik. Mooi dinge, selfs perde krag, word hierdeur afgebreek en dan is dit die ruiter wat val.

AMEN